# Iets Nuu(†)s

*Efesiërs 4:16*
*Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*

## 14 Junie 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

| | |
|---|---|
| **Leraar:** | **Marcel Floor 0828285811** |
| **Admin:** | Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za |
| **Webblad:** | www.gksasolburg.co.za |
| **Barmhartigheid:** | Aileen Gouws – 082 333 1333 |
| **Geboue:** | PJ Gouws – 079 492 8404 |
| **Koster:** | Sandra vd Sandt 083 457 8904 |
| **Omgeekantoor:** | Tydelike epos: admin@gksasolburg.co.za |

***DIENSBEURT: BLOK B***
**Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid (diakonie rekening)**
**Kollekte by DEURE: Sustentasiefonds (kerkkas rekening)**

### KOLLEKTES

In hierdie moeilike tye is ons voorwaar dankbaar vir die volgehoue bydraes en kollektes. **Onthou asseblief die verwysings, waarvoor kollektes inbetaal word.**

### Bankbesonderhede:

**Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Sustentasie, ens.)**

***EN ALLE MAANDELIKSE LIDMAAT BYDRAES***

**Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238 Verw: Kollekte Barmhartigheid**

**SNAPSCAN SLEGS VIR KOLLEKTES**

# Woordbediening

**Tema:**
**God se visie van die toekoms motiveer en inspireer ons om doelgerig oor te gaan tot aksie!**

Rigters 6:1-16, 33-35 & 7:1-2, 8-22 (83 AV)
Kernverse: Rigters 6:12, 14, 16 & 7:9-11&15 (83 AV)

Rigters 6:12: "Die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: "Die Here is by jou, dapper man!"… 14Toe het die Here na Gideon toe gedraai en vir hom gesê: "Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israeliete uit die mag van die Midianiete! Toe, Ek stuur jou!" 16Die Here het hom geantwoord: "Ek is by jou, en jy sal die Midianiete verslaan asof hulle nie meer as een is nie."
Rigters 7:9-11: Die nag het die Here vir hom gesê: Kom, gaan na die Midianiete se laer toe. Ek gee hulle in jou mag oor. 10Maar as jy bang is om hulle aan te val, moet jy en jou slaaf Pura eers in hulle kamp ingaan, 11Luister wat hulle sê, dan sal jy moed skep en hulle aanval." Gideon en sy slaaf Pura is toe sowat vyftig tree in die Midianiete se kamp in. 15Toe Gideon die droom en sy uitleg hoor, het hy die Here gedank en na die Israeliete se kamp toe teruggegaan en gesê: "Kom, die Here gee die leër van Midian in ons mag oor."




**Inleiding:**

1. Hoe belangrik dit vir gemeentes is om God se visie vir die gemeente te verstaan, en doelgerig na God se visie te werk.
2. Wat bedoel ons met God se visie?
3. Waar kry leiers God se visie vir die gemeente?
4. Hoekom 'n visie?
5. Die toekoms steeds in God se hand! (Jak. 4:15)

**God se visie van die toekoms motiveer en inspireer ons om doelgerig oor te gaan tot aksie!**

1. Die Israeliete was vir 7 jaar in die mag van die Midianiete. (6:1-6)
2. Die Israeliete roep tot die Here om hulp. (6:6-7)
3. Die Here stuur 'n profeet wat die Woord verkondig in antwoord op hulle gebed om hulp (6:8-10)
   a. Die Israeliete se grootste nood is nie die onderdrukking deur die Midianiete nie, maar hulle geestelike nood! (6:1, 10, 25, 30)

   b. God roep hulle deur die beproewing en die profeet tot bekering! (6:1&10)
4. Die Here gee ook nog meer in antwoord op hulle gebede om hulp – Hy roep 'n leier! (6:11-16)
   a. Gideon kruip weg en twyfel en verwyt die Here en stribbel tee... (6:11,13)
   b. Tog kan die Here sulke krom en twyfelende stokke as instrumente in Sý diens gebruik om kragtig baie reguit houe te slaan!
5. God stuur Gideon met krag! (6:14-16)
   a. Gideon sien homself as die mins geskikste vir die werk. (6:15)
   b. Ons is maar kleipotte wat maklik breek, die krag wat alles oortref kom van God. (2 Kor. 4:7, Fil. 4:13, Ef. 1:19-20)
6. God vorm vir Gideon stelselmatig 'n visie van Sy beplande pad vorentoe vir Israel. (6:12, 14, 16)
   a. God se visie word vir Gideon heeltemal duidelik deur die droom en hy dank die Here daarvoor. (7:9-15)
7. Gideon kommunikeer die visie! (7:15)
   a. Dit inspireer en motiveer die manne, en hulle koop in!
   b. Hulle sit eensgesind strategieë in plek om die visie te bereik. (7:16-18)
   c. God slaan die eerste groot slag om die visie te bereik. (7:19-22)
   d. God kan ook op die manier vandag verandering in gemeentes bring.
8. God gee ook die gawes en middele om Sy visie te bereik.
   a. Hy is by Gideon (6:12 & 16)
   b. Hy gee sy Heilige Gees. (6:34)
   c. Hy gee manskappe (6:34-35)... later net 300.
   d. God gee tekens om te bevestig. (6:22&36)
   e. God bewerk Self die wonderlike oorwinning. (7:21-22, 8:10)
   f. En dit is ook wat vandag kan gebeur wanneer God se visie vir ons biddend uit die Woord duidelik word, en ons gehoorsaam by God se visie inval!
9. Wat by die Gereformeerde Kerk Sasolburg besig is om te gebeur.

**Slot:**

1. Ons het vanoggend in die geskiedenis van Gideon gesien hoe God vir leiers Sy visie gee.
2. Ons het ook gesien hoe belangrik kommunikasie van God se visie is, en inkoop, en hoe dit kan inspireer en motiveer!
3. En God het ook vir ons kom wys hoe noodsaaklik doelgerigte strategieë of aksieplanne is, óm Sy visie te bereik!
4. Mag Hy dit in al ons gemeentes gebruik, om die verandering te bewerk, wat Hy wil sien!

## VERJAARSDAE

| Verjaar | | | | Landlyn | Selfoon |
|---|---|---|---|---|---|
| 06/14 | Hester | Duvenage | Belydend | | 0731971108 |
| 06/14 | Armand | Kriese | Belydend | 0824905431 | 0849000579 |
| 06/17 | Nick | Claassen | Belydend | 0169769951 | 0731478851 |
| 06/19 | Kiara | Du Plessis | Doop | | 0847318183 |
| 06/20 | Celesté | Van Der Sandt | Belydend | | 0810243572 |
| 06/21 | Christa | Appelcryn | Belydend | 0169765412 | 0836278911 |
| 06/21 | Koos | Smit | Belydend | 0568114202 | 0834050710 |
| 06/21 | Jacobus | Van Dyk | Belydend | 0169736118 | 0845802145 |
| 06/22 | Lets | Kleynhans | Belydend | 0169762443 | |




**KINDERKERK**

3de Gebod

Ons gebruik net God se naam as ons tot Hom bid of van Hom getuig

## Jy kan vir die volgende bid en hulle ondersteun:

- ♥ Amelia de Beer het 'n rugoperasie ondergaan
- ♥ Gerrit Kruger se broer het 'n beroerte gehad
- ♥ Jeanne Muller het nog las van nekpyn
- ♥ Ons dink steeds aan Estelle vd Spuy wat ook pyn verduur
- ♥ Ons gebede gaan aan almal wat alleen is, bang of depressief voel.